



HOËRSKOOL MONTANA

DIË BAKEN VAN GROEI EN GELUK

PROSPEKTUS 2025

Ontdek die moontlikhede!

Dis HOE jy kyk!

When you change the way you look at things,
the things you look at change



PUREMONTANA
Die tuiste van gelukkige leerders

MEER AS NET 'N SKOOL - 'N SLIM BELEGGING IN JOU KIND SE TOEKOMS!

By Hoërskool Montana kry ouers uitstekende waarde vir hul skoolfonds, aangesien dit baie meer insluit as net klasbywoning.
Vir 'n bekostigbare bedrag kry leerders toegang tot:

UITSTEKENDE AKADEMIESE ONDERRIG DEUR ERVARE EN TOEGEWYDE ONDERWYSERS

GRATIS EKSTRA KLASSE VIR ALLE VAKKE, ASOOK STUDIEMETODEKLASSE EN INTERVENSIËPROGRAMME

'N WYE VERSKEIDENHEID SPORTSOORTE MET ERVARE AFRIGTERS, DEELNAME AAN TOP LIGAS EN TOERNOOIE EN MODERNE FASILITEITE

UITGEBREIDE KULTUUR- EN VERRYKINGSAKTIWITEITE

TOEGANG TOT PROFESSIONELE LEERDERONDERSTEUNING, INSLUITEND STUDIEKEUSE-BEGELEIDING EN EMOSIONELE ONDERSTEUNING

STERK DISSIPLINE EN LEIERSKAPSONTWIKKELING

'N AKTIEWE GEMEENSKAPSPROGRAM "MONTIES GEE OM" WAT LEERDERS LEER OM 'N VERSKIL TE MAAK

'N UNIEKE MONTIE-GEES EN TRADISIES WAT 'N POSITIEWE EN ONDERSTEUNENDE SKOOLERVARING VERSEKER

en ontvang 'n gebalanseerde skoolervaring wat hulle voorberei vir die toekoms

VISIE

Dié BAKEN van GROEI EN GELUK in die gemeenskap.

"Hoërskool Montana is 'n skool waar jy jouself kan uitleef. Of jy van sport of kultuur hou, hier is 'n plek vir jou. Montana is nie net 'n skool nie, dit is 'n familie. Dit is 'n plek waar jy tot jou volle potensiaal kan groei."
(Mauritz Visser)

MISSIE

Die opvoeding van leerders tot verantwoordelike individue met 'n impak op die toekoms deur:

- Die handhawing, beskerming en bevordering van:
 - gemeenskapsgesentreerdheid;
 - hoë kwaliteit onderrig en akademiese standaarde;
 - presterende buite-kurrikulêre aktiwiteite
 - Die uitbou en uitleef van die bestaande:
 - karakter en etos van die skool
 - leuse van die skool
 - vennootskap tussen die skool en sy gemeenskap
- 'n Skoolomgewing te vestig waar elke leerder gelukkig kan wees.

KERNWAARDES

INTEGRITEIT: Ons benader elke kind en taak met die hoogste agting, totale eerlikheid, opregtheid en professionaliteit.

UITNEMENDHEID: Ons strew na voortreflikheid op akademiese-, sport- en alle ander lewensterreine. Daarom leef en werk ons toegewyd aan ons taak om met trots die hoogste sport te bereik.

KREATIWITEIT: Ons is deelgenote in die toekoms, styl, ideale en visie vir ons skool. Dus neem ons eienaarskap en verantwoordelikheid om elke uitdaging met visionêre denke saam die hoof te bied.

GELOOFSWAARDES: Ons kernkarakter is aanvaarbare geloofswaardes soos deur die gemeenskap bepaal.

EREKODE VAN MONTIE-LEERDERS

- Ons gee die ereplek aan God en Sy Woord in ons lewe en streef ons etiese lewensbeginsels na.
- Ons staan vir ons Land en ons Nasie en verdedig dit met hart en siel.
- Ons dien ons skool getrou en handhaaf sy goeie naam met woord en daad.
- Ons streef daarna om vriendelik, hulpvaardig en diensvaardig te wees teenoor ons medemens, veral teenoor die swakkeres en eensames.
- Ons gehoorsaam en respekteer ons ouers en onderwysers en gedra ons hoflik teenoor ons gelykes, ons meerderes en minderes.
- Ons glo dat elke mens 'n lewenstaak het om te vervul; daarom woeker ons met die talente wat aan ons toevertrou is.
- Ons streef daarna om te alle tye en onder alle omstandighede gedissiplineerde, koersvaste Landsburgers te wees.
- Ons woord is ons eer.
- Ons is daarop gestel om onself, ons werk en ons omgewing netjies en skoon te hou.
- Ons glo dat sukses geleë is in die presiese, korrekte en nougesette uitvoering van opdragte.
- Ons glo dat integriteit die hoeksteen vorm van wysheid.

"Om 'n Montie te wees, beteken dat jy jouself kan wees sonder vrees vir oordeel. Daar is talle geleenthede op elke vlak – dit is verseker die plek om te wees!"
(Mia Swanepoel)



"Hier ervaar jy 'n skool waar eenheid, respek en passie sentraal staan."
(Wilrich Kirsten)

SIMBOLIEK VAN ONS SKOOLWAPEN

By: Hardwerkendheid. Verbintenis met Pretoria se stadswaapen waarop bye voorkom.
Hoekige skildhoof: Simboliseer die Magaliesberg suid van die skool. Simboliseer die noodsaaklike verhouding tussen ouer, kind en onderwyser.



DIE MONTIEKORF GROEI UIT SY NATE

1695 LEERDERS KIES OM HIER TE WEES

Die droom van 'n nuwe hoërskool het op 1 Oktober 1980 'n werklikheid geword. Op 11 Desember 1980 is agt klaskamers en 'n laboratorium in gebruik geneem, en op 7 Januarie 1981 het die skool sy deure amptelik geopen met 'n halfvoltooië gimnastieksaal, 285 leerders en 16 personeellede.

Die skool se groei was merkwaardig:


- 1983: Die leerdertal styg na 609 en die standaardgroepe is volledig.
- 2002: Die skool bereik 'n leerdertal van 831.
- 2010: Die skool groei tot 1 428 leerders, met 301 graad 8's.
- 2012: Hoërskool Montana word tot die hoogste moontlike vlak (P5) gegradeer.
- 2013: Die leerdertal styg verder tot 1 462.
- 2016: Die 1 600-kerf word oorgesteek!
- 2025: Op die tiende skooldag staan die leerdertal op 1 695.

Die afgelope paar jaar het die skool jaarliks 'n rekordgetal van meer as 1 000 graad 8-aansoeke ontvang – 'n bewys van Hoërskool Montana se groeiende gewildheid, al is daar net plek vir net meer as 300 nuwelinge per jaar.

"Die samehorigheid tussen vriende en die uitstekende geleenthede wat Hoërskool Montana bied, maak dit 'n besonderse plek. Die skool handhaaf sterk Christelike waardes wat deur beide personeel en leerders gerespekteer word."
(De Wet Loock)

OM 'N MONTIE TE WEES IS 'N VOORREG!

GROEI IN LEERDERTAL



FASILITEITE

Hoërskool Montana beskik oor uitstekende fasiliteite wat voortdurend uitgebrei en verbeter word. Die instandhouding van ons geboue en terrein geniet hoë prioriteit, en ons is uiters trots op ons pragtige skoolomgewing.

Tans bied ons die volgende geriewe:

AKADEMIESE FASILITEITE:

- Moderne klaskamers toegerus met dataprojektors en internettoegang
- Vier rekenaarsentrums
- Vyf goed toegeruste laboratoriums
- Siviële Tegnologiesentrum
- Dramaklasse
- 'n Konferensielokaal

"Die skool se spangees en vriendelike atmosfeer laat elke leerder welkom en waardevol voel."
(Raine Botes)

SPORTFASILITEITE:

- Hoëgehalte sportvelde en -bane met spreiigte en tartan-aanlope vir sekere velditems
- Opgegradeerde tennis- en netbalbane
- Die eerste astro-hokkiebaan in die noorde van Pretoria - met spreiigte
- 'n Opgegradeerde, volledig toegeruste gimnasium vir alle sportkodes
- Buite-gimnasium
- 'n Sesbaan, verhitte swembad
- 'n Fisioterapeut en kondisioneringsspesialis op die terrein
- Sportkantore op die boonste vlak van die kafeteria
- 'n Krieketsentrum met vier binnenshuise krieketnette en 'n onthaalarea op die boonste vlak
- Die Sportkorf-winkel, waar ons nuwe sportklerereeks beskikbaar is
- Spreiigte by die krieketveld



Neem gerus 'n virtuele toer om ons indrukwekkende terrein en fasiliteite te besigtig
<http://360virtualtours.co.za/hsmontanapretoria/index.html>

ADDISIONELE GERIEWE:

- 'n Moderne kafeteria - "Die Korf" - met 'n pragtige uitsig oor die rugbyveld en astro-hokkiebaan
- 'n Montie-Pharus (Montiebaken) - 'n nuwe tradisie vir graad 8- en graad 12-leerders
- 'n Onthaallokaal
- 24-uur gekontroleerde toegang tot die skoolterrein
- 'n Veeldoelige saal
- Sekuriteitskameras vir verhoogde veiligheid
- 'n Reënwater-opgaarstelsel met 'n opgaardam
- 'n Kragopwekker vir ononderbroke kragtoevoer
- Herwinningsarea vir papier en karton

"Om in Hoërskool Montana te wees, moedig jou aan om uit jou gemaksones te klim en jouself uit te druk sonder vrees vir oordeel!"
(Esté-Ann vd Nest)

HUIDIGE PROJEEK:

- Opgradering van die gimnasium

"Skooltrots en tradisie: Montana het 'n ryk geskiedenis en 'n sterk gevoel van samehorigheid. Elke leerder dra by tot die skool se nalatenskap – iets om met trots te dra. 'n Familie en 'n tweede huis: Hier is jy nie net 'n nommer nie – jy is deel van 'n ondersteunende gemeenskap waar jy vriendskappe bou en belangrike lewenslesse leer." (Anzel Du Plessis)

DIS 'N VOORREG OM 'N MONTIE TE WEES

AKADEMIE

By Hoërskool Montana leef ons volgens ons leuse: "GLO EN WERK" – 'n riglyn wat ons leerders gedurende hul hoërskoolloopbaan inspireer en uiteindelik deel van hul persoonlike suksesverhaal maak. Hierdie toewyding tot geloof in hul vermoëns en harde werk weerspieël jaar ná jaar in ons uitmuntende matriekuitslae en akademiese prestasie van die skool in geheel. Monties handhaaf keer op keer hul reputasie as die #1-skool in die distrik, met uitstekende vakprestasies en hoë universiteitstoelatingskoers. Hier bou ons 'n kultuur van vasberadenheid, deursettingsvermoë en uitnemendheid – waardes wat ons leerders ver buite die skool se grense saamdra!

MONTIES 2024 – AKADEMIESE UITNEMENDHEID!

Hoërskool Montana se matriekklas van 2024 het weereens uitmuntende akademiese prestasies behaal, en ons is ongelooflik trots op hul deursettingsvermoë en harde werk.

UITSTEKENDE SLAAGSYFER:

- 271 kandidate het die eksamen voltooi, met 'n 98,5% slaagsyfer en 'n klasgemiddeld van 62,9%.
- 216 leerders (80%) het geslaag met universiteitstoelating.
- 43 leerders (15,9%) het 'n diplomavrstelling behaal.

INDRUKWEKKENDE ONDERSEKIDINGS:

- 268 A-simbole (Alpha Wiskunde en Advanced Physics ingesluit).
- 418 B-simbole en 483 C-simbole behaal.
- 1 leerder met 9 onderskeidings en 1 met 7 onderskeidings.
- 6 leerders met 6 onderskeidings, 6 met 5 onderskeidings, en 16 met 4 onderskeidings.

TOPPRESTEERDERS:

- Top 10 gemiddeld: 86,1%
- Top 20 gemiddeld: 83,5%
- 1 leerder bo 90%, 6 leerders bo 85%, 9 leerders bo 80%, 29 leerders bo 75%, en 28 leerders bo 70%.

"Hoërskool Montana bied die *perfekte balans* tussen sport, akademie, kultuur en sosiale aktiwiteite – die beste skool noord van die berg!"
(Tyler Bam)

"Ons akademie, sport en kultuur is van die beste! Die leerders van Hoërskool Montana maak dit 'n skool om op *trots* te wees. Die *omgee* van ons onderwysers en die *uitstekende skoolfasiliteite* dra by tot ons sukses."
(Alexa Mader)

"Ek is 'n gelukkige Montie, omdat ek die leerproses geniet, om saam met vriende te wees en doelwitte in my studies te bereik. Montieland het my in die persoon verander wie ek is vandag."
(Wendy Shivuri)

"By Hoërskool Montana bou jy aan 'n *blink toekomst*."
(Abigail Boylan)

VAKPRESTASIES:

Hoërskool Montana se akademiese uitslae is van die beste in die Tshwane-Noord-distrik, en 2024 was geen uitsondering nie!

UITBLINKER-VAKKE:

- 4 vakke met 'n gemiddelde bo 70%
- 4 vakke met 'n gemiddelde bo 65%
- 5 vakke met 'n gemiddelde bo 60%
- 17 uit 23 vakke met 'n 100%-slaagsyfer

Beste in Gauteng en Tshwane-Noord: Elektriese Tegnologie - Digitaal

Beste in Tshwane-Noord: Ekonomie

Tweede beste in Tshwane-Noord: Afrikaans HT, Afrikaans EAT, English FAL, Toerisme

Derde beste in Tshwane-Noord:

Inligtingstegnologie, English HL

Hierdie uitslae bevestig dat Monties akademiese uitnemendheid nastreef en gereed is vir die toekoms! Wanneer vakgemiddeldes beoordeel word, is die aantal leerders wat 'n spesifieke vak neem 'n belangrike oorweging. By Hoërskool Montana word leerders aangemoedig om uitdagende vakke te neem, wat 'n invloed op gemiddeldes het. Die skool se slaagsyfers en onderskeidings bly egter indrukwekkend:

Wiskunde: 143 leerders | Gemiddeld: 52,1% | Slaagsyfer: 90,9% | 7 onderskeidings

Fisiese Wetenskappe: 87 leerders | Gemiddeld: 52,4% | Slaagsyfer: 93,1% | 2 onderskeidings

Rekeningkunde: 58 leerders | Gemiddeld: 59,4% | Slaagsyfer: 93,1% | 10 onderskeidings

Lewenswetenskappe: 97 leerders | Gemiddeld: 55,3% | Slaagsyfer: 95,9% | 0 onderskeidings

Hoërskool Montana se uitslae getuig van akademiese uitnemendheid, met 'n balans tussen toegang tot uitdagende vakke en hoë prestasies.

MONTIE Matrieks Vaar Uitstekend - Jaar na Jaar

JAAR	SLAAGSYFER	AANTAL A-SIMBOLE	UNIVERSITEITS VRYSTELLING	ANDER PRESTASIES
2024	98,5%	268	80%	• Top 10 se gemiddeld is 86,1%, die Top 20 se gemiddeld is 83,5%. 1 Leerder behaal 'n gemiddeld bo 90%, 'n verdere 6 leerders behaal 'n gemiddeld bo 85%, 'n verdere 9 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 80%, 'n verdere 29 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 28 kandidate met 'n gemiddeld bo 70% • Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 4 vakke bo 70%, 4 vakke bo 65% en nog 5 verdere vakke bo 60%; 17 uit 23 vakke het 100% slaagsyfer. TOPPRESTEERDER: • Toppresteerder in Distrik Tshwane-Noord • Toppresteerder in Tshwane Circuit 1 • Toppresteerder in die distrik in Inligtingstegnologie • Ontvang 'n merietetoekenning van die Visekanselier van die Universiteit van Pretoria
2023	98%	383	84,3%	• Top 10 se gemiddeld is 91,2%, die Top 20 se gemiddeld is 87,8%. 8 Leerders behaal 'n gemiddeld bo 90%, 'n verdere 24 leerders behaal 'n gemiddeld bo 80%, 'n verdere 27 kandidate behaal 'n gemiddeld bo 75% en nog 41 kandidate met 'n gemiddeld bo 70% • Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 2 vakke bo 75%, 4 vakke bo 70% en nog 9 verdere vakke bo 60%; 17 uit 23 vakke het 100% slaagsyfer. TOPPRESTEERDER: • #2-kandidaat in distrik Tshwane-Noord • Beste prestasie in Lewenswetenskappe in Gauteng • Agste beste prestasie in Lewenswetenskappe in Suid-Afrika
2022	99,3%	360	91% Meeste in die skool se geskiedenis	• BESTE SKOOL IN KRING 1 TSHWANE-NOORD Meeste graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang het (253 – ook persentasiegewys 91%) • Top 10 se gemiddeld is 85,71%, die Top 20 se gemiddeld is 83,6%, die Top 30 leerders se gemiddeldes bo 80%, 'n verdere 31 kandidate behaal gemiddeldes bo 75% en 45 kandidate gemiddeldes bo 70%. • Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 1 vak bo 80%, 4 vakke bo 70% en nog 12 verdere vakke bo 60%; 16 uit 22 vakke het 100% slaagsyfer.
2021	99,64%	370	88,92% Meeste in die skool se geskiedenis	• BESTE SKOOL IN TSHWANE-NOORD Meeste graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang het (249 – ook persentasiegewys 88,92%) • Top 10 se gemiddeld is 88,01%, die Top 20 se gemiddeld is 85,9%, die Top 30 leerders behaal gemiddeldes bo 80%, 25 kandidate behaal gemiddeldes bo 75% en nog 40 kandidate gemiddeldes bo 70% • Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 6 vakke bo 70% en nog 12 verdere vakke bo 60%; 18 uit 25 vakke het 100% slaagsyfer. 2 Vakke beste prestasie in die distrik

"As Monties iets aanpak, doen ons dit met *volle oorgawe*."
(Janco Fourie)

MONTIE Matrieks Vaar Uitstekend - Jaar na Jaar (vervolg)

JAAR	SLAAG SYFER	AANTAL A-SIMBOLE	UNIVERSITEITS VRYSTELLING	ANDER PRESTASIES
2020	99,3%	436	88,3%	TIENDE BESTE presterende hoërskool IN GAUTENG – uit byna 900 skole BESTE SKOOL IN TSHWANE-NOORD ➢ 99,3% slaagsyfer. 249 Graad 12-kandidate wat universiteitstoelating ontvang. Die meeste onderskeidings in die distrik (436). Top 3 leerders in die distrik plus nog 4 leerders in die Top 10 SOS-ERETOEKENNINGS aan skole regoor Suid-Afrika ➢ Top 10-skool vir 34 onderskeidings in Rekeningkunde ➢ Top 20-Afrikaanse skool vir 436 onderskeidings (#16) WISKUNDE: 13de in die land. 42 onderskeidings. 100% slaagsyfer REKENINGKUNDE: 7de in die land. 34 onderskeidings. 100% slaagsyfer FISIESE WETENSKAPPE: 20ste in die land. 28 onderskeidings. 96.1% slaagsyfer AFRIKAANS HT: 18de in die land. 33 onderskeidings. 100% slaagsyfer
2019	99%	274	78,9%	- Meeste kandidate met universiteitsvrystelling in Tshwane-Noord - Meeste onderskeidings in Tshwane-Noord
2018	100%	353	83,9%	9DE BESTE presterende hoërskool IN GAUTENG - uit 902 skole TOP SKOOL IN TSHWANE-NOORD • 100% slaagsyfer • Meeste gr. 12-kandidate; wat geslaag het (317), universiteitstoelating ontvang het (266) - ook persentasiegewys 83,9%, asook die meeste onderskeidings in die distrik (353)
2017	99,6%	285	77,6%	- Hoogste persentasie universiteitsvrystelling in Tshwane-Noord - Meeste onderskeidings in Tshwane-Noord
2016	100%	346	73,5%	BESTE AKADEMIESE SKOOL IN TSHWANE-NOORD
2015	99,3%	272	70,3%	- Top 16 se gemiddeld is almal bo 80%, met 'n verdere 60 kandidate se gemiddeld bo 70% - Uitstekende vakgemiddeldes: 3 vakke bo 70%; 11 vakke bo 60%
2014	100%	265	75,3%	- Top 10 se gemiddeld is 86,75%, die Top 22 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 44 behaal 'n gemiddeld bo 70% - Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 4 vakke bo 70%, 12 vakke bo 60%
2013	99%	188	70%	- Top 10 leerders behaal elkeen 'n gemiddeld bo 80% en 'n verdere 48 behaal 'n gemiddeld bo 70% - Uitstekende vakgemiddeldes is behaal: 10 vakke bo 60%, met Visuele Kunste 79,5%
2012	100%	371		TOP 10 SKOOL IN GAUTENG (uit 785 skole)

Ander grade se uitslae is deurlopend van die beste in Tshwane-Noord. 2024 se geheelskool slaagsyfer: 98%.

AKADEMIESE UITNEMENDHEID: MEER AS NET 'N PERSENTASIE

By Hoërskool Montana streef ons na uitnemendheid en lewer jaar ná jaar 'n uitsonderlike slaagsyfer. Ons fokus op die gehalte van prestasie, die aantal universiteitsvrystellings en hoe goed ons leerders voorberei is vir verdere studies en die werkswêreld. 'n Beduidende aantal leerders kies om sleutelvakke soos Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde te neem, met uitmuntende klasgemiddeldes en hoë slaagsyfers. Ons ondersteun elke leerder om sy of haar potensiaal te bereik, of dit nou 'n toppresterder met 7 onderskeidings is of 'n leerder wat met deursettingsvermoë 'n persoonlike akademiese mylpaal bereik. Ware akademiese sukses beteken dat leerders kritiese denke, verantwoordelike en lewensvaardighede ontwikkel – iets wat hulle voorberei vir universiteit, tegniese studies of 'n loopbaan. By Montana is ons trots daarop dat ons leerders nie net matriek slaag nie, maar ook met selfvertroue hul toekoms aanpak.

VAKKE AANGEBIED: GRAAD 8 EN 9

Agt verpligte vakke word aangebied:

- ✓ Amptelike Eerste Taal **en** Eerste Addisionele Taal
- ✓ Wiskunde
- ✓ Lewensoriëntering
- ✓ Natuurwetenskappe (Fisiese- en Lewenswetenskappe)
- ✓ Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Rekeningkunde en Besigheidstudies)
- ✓ Tegnologie
- ✓ Kuns en Kultuur (Kuns, Musiek, Dans en Drama)
- ✓ Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis en Geografie)

Tydens die vakkeuse-inligtingsweek kry graad 9-leerders die geleentheid om 'n ingeligte besluit te neem wanneer hulle later in die jaar vakkeuse uitoefen. Hulle word blootgestel aan die verskeie vakke wat vanaf graad 10 tot 12 aangebied word, met insiggewende aanbiedings en voorligting deur ervaar onderwysers. Hierdie week word afgerond met 'n spesiale vakkeuse-inligtingsaand, waar leerders en hul ouers waardevolle leiding ontvang oor vakkeuse, toelatingsvereistes vir tersiêre instellings en ander belangrike riglyne wat hul loopbaanrigting kan beïnvloed. Dit is 'n deurslaggewende geleentheid wat leerders bemaatig om hul volle potensiaal te bereik.

VAKKE AANGEBIED: GRAAD 10 EN 12

VERPLIGTE VAKKE	ALGEMENE STUDIERIGTING KIES DRIE VAN DIE VOLGENDE VAKKE	TEGNIËSE STUDIERIGTING
✓ Amptelike Eerste Taal ✓ Eerste Addisionele Taal ✓ Wiskunde OF Wiskundige Geletterdheid ✓ Lewensoriëntering	✓ Fisiese Wetenskappe *** ✓ Lewenswetenskappe ✓ Rekeningkunde ✓ Besigheidstudies ✓ Ekonomie ✓ Rekenaartoepassingstegnologie ✓ Inligtingstegnologie *** ✓ Ingenieursgrafika & Ontwerp ✓ Elektriese Tegnologie: Digitale Elektronika *** ✓ Siviele Tegnologie: Konstruksie*** ✓ Toerisme ✓ Geografie ✓ Geskiedenis ✓ Verbruikerstudies ✓ Visuele Kunste ✓ Dramatiese Kunste	✓ Afrikaans Huistaal ✓ English First Additional Language ✓ Lewensoriëntering ✓ Wiskunde ✓ Fisiese Wetenskappe ✓ Ingenieursgrafika en -ontwerp ✓ Elektriese Tegnologie: Digitale Elektronika OF Siviele Tegnologie: Konstruksie

- 'n Keusevak kan slegs aangebied word indien daar 'n voldoende aantal leerders is wat die vak kies. Dit verseker dat die klas 'n gesonde grootte het vir doeltreffende onderrig.
- ***Hierdie vakke mag slegs saam met Wiskunde geneem word.
- Indien 'n leerder B.Com Rekeningkunde studeer, is Wiskunde 'n verpligte vak.
- Departementale voorskrifte oor minimum leerders per vak is veral hier van toepassing.

KLASKAMER GETALLE

By Hoërskool Montana handhaaf ons kleiner klasgroottes om 'n optimale leeromgewing te verseker waar elke leerder individuele aandag kan ontvang.

AKADEMIESE UITNEMENDHEID bly ons primêre fokus, maar ons glo ook in 'n holistiese benadering tot opvoeding. Deur aktiewe deelname aan sport en kultuur kry leerders die kans om hul talente te ontwikkel en lewensvaardighede soos spanwerk en deurstellingsvermoë aan te leer. Verder is leierontwikkeling vir ons 'n kernwaarde, aangesien ons poog om elke Montie toe te rus met die selfvertroue en vaardighede om 'n positiewe impak in die samelewing te maak.

BUITE-KURRIKULÊR

By Hoërskool Montana glo ons dat elke leerder die kans moet kry om hul talente te ontgin en hul volle potensiaal te bereik. Ons bied 'n wye verskeidenheid buitekurrikulêre aktiwiteite aan – van sport en kultuur tot akademiese uitdagings – en moedig **aktiewe deelname** sterk aan. Ons wil hê dat elke leerder hierdie geleenthede **gryp** en dit gebruik om te groei, te leer en hul vaardighede te ontwikkel. Deelname aan buitekurrikulêre aktiwiteite is 'n waardevolle deel van 'n gebalanseerde opvoeding, aangesien dit nie net fisiese en geestelike welstand bevorder nie, maar ook lewenslesse soos spanwerk, dissipline en deurstellingsvermoë aanleer. Ons erken en waardeer ook leerders se prestasies buite die skool en ondersteun hul betrokkenheid in verskeie arenas. Ouerbetrokkenheid speel 'n belangrike rol in hierdie reis, en ons nooi alle ouers uit om deel te wees van hul kinders se skoolervaring.

Saam bou ons 'n gemeenskap waar elke Montie die kans kry om uit te blink!

KULTUUR

'N OASE VAN GELEENTHEDE

Hoërskool Montana is 'n kultuur-oase waar leerders 'n volledige metamorfose ondergaan. Hier ontdek hulle nuwe talente en drome, kry die geleentheid om dit uit te leef, hul horisone te verbreed en opregte vreugde te ervaar, terwyl kreatiwiteit gedy. Kreatiwiteit blom in elke aktiwiteit, en ons sien hoe Monties die skool verlaat met 'n selfvertroue wat oorloop – méér as waarmee hulle ingestap het. Hierdie gebalanseerde ontwikkeling gaan hand aan hand met 'n diep gevoel van vreugde en vervulling. Vanaf hierdie jaar bied ons kwartaaliks 'n spesiale "Montie Showcase" aan – 'n geleentheid waar ons met ons leerders se ongelooflike talent spog. Hierdie platform gee elke Montie die kans om hul kreatiwiteit ten toon te stel en erkenning vir hul harde werk te ontvang. Leerders het die geleentheid om hul kreatiwiteit en talent in 'n verskeidenheid aktiwiteite uit te leef:

Kunswedstryde > **Redenaars Voortrekkers KOOR** Skryfkompetisie
Montie Artes < **Toneelfees** Public Speaking Eisteddfods
ATKV-TIENERTONEEL **DEBAT** **DRAMA** **Showcase** **REVUE** **Oratorsfees** **KUNSUITSTALLING**

*Elke Montie kry die kans om deel te neem en hul volle potensiaal te bereik.
Hier leef ons kultuur, en hier floreer talent!*

ATKV-TIENERTONEEL: Kostuums, kultuur, klank en kleur - 'n platform waar die Monties hul liefde vir kultuur en kunste met passie kan uitleef. Ons leerders neem deel aan gesogte teaterkompetisies soos die ATKV-Tienertoneel, FAK Allegretto Toneelfees en Pronkpodium Toneelfees. Van Junie tot Augustus meet hulle hul talent teen ander deelnemers landswyd. Ons toneelstukke is vars en boeiend. Deur die jare het ons leerders talle goue, silwer en brons sertifikate verwerf.

DRAMA/REVUE: Hoërskool Montana bied elke vier tot vyf jaar 'n revue-produksie aan. Die 2024-revue, "Revue-lution," was 'n ongelooflike boeiende vertoning en 'n onvergeetlike ervaring vir elke deelnemer, wat die gehoor met tye op die punte van hul stoele gehad het. Ons sien met opgewondenheid uit na ons volgende revue in 2028 waar leerders kan sing, dans en hul harte uit toneelspeel!

TONEELFEES: Ons bied elke tweede jaar ons eie interne Toneelfees aan waar die graadgroepe teen mekaar meeding. Die hoogtepunt is die Prestige-aand, waar al die wentonele optree, asook die ATKV-toneelgroep en Afrikaanse- en Engelse tonele opgevoer word. Die beste senior- en junior tonele en akteurs/aktrises word ook aangewys. Sels die onderwysers kry geleentheid om hulle talent op die verhoog uit te leef en hulle sorg gewoonlik dat die gehoor skaterlag. Die Toneelfees is voorwaar iets om op die kalender aan te teken!

MONTIE ARTÉS: Wanneer ons nie revue of toneelfees aanbied nie, word Montie Artés aangebied. Hierdie geleentheid bied leerders die kans om 'n droom uit te leef en selfs verborge talente te ontdek. Die kategorieë waarin leerders kan deelneem, sluit in: literatuur (skryfkuns), musiek (sang of instrumentaal), drama, visuele kuns en dans. In 2023 was Montie Artés 'n groot fees en 'n besondere sukses. Ons bied ook aan laerskole die geleentheid om hieraan deel te neem. Die geleentheid vind gewoonlik gedurende Augustus plaas.

KUNSUITSTALLING: Die Monties se talent slaan asems weg wanneer hul praktiese werk uitgestal word. Ons is bederf om van 2025 af drie sulke geleenthede gedurende die jaar te hê, tydens die kwartaalike "Showcase".

MONTANA "SHOWCASE": Vanaf 2025 bied ons drie "Showcase"-geleenthede aan, waar soveel moontlik leerders hul kultuurtalent kan uitleef en kultuur die middelpunt van aandag word - pure Montana-kultuur! Dit beloof om 'n nuwe vuur in Montie-kultuur aan te wakker. Die eerste "Showcase" was 'n groot sukses en maak ons opgewonde.

DEBAT: Debat – 'n lewensveranderende vaardigheid. Die vermoë om 'n saak uit alle hoeke te ontleed en vinnig op die voete te dink, waar kritiese denkers, welsprekende leiers en toekomstige kampioene gevorm word. Ons neem deel aan verskeie kompetisies, onder andere die ATKV-debatkompetisie en Dink of Sink onvoorbereide debatskompetisie, waarvan Hoërskool Montana die trotse gasheer is. Ons het hierdie jaar vir die tweede jaar die kompetisie vir die laerskole ook aangebied en sal graag wil sien dat ons voederslaerskole se leerders in die toekoms ook hieraan deelneem.

PUBLIC SPEAKING: There are numerous opportunities for learners to participate in public speaking. The Senior and Junior Internal Public Speaking Competitions take place during the first term. At the same time, learners are invited to participate in the Van Huyssteens' Orators Competition, either individually or as a team. All learners are also encouraged to take part in the English Evening and the Poetry Slam. Mid-year, learners can further refine their public speaking skills by

participating in Radikale Redenaars (in both Afrikaans and English), On the Tip of My Tongue, and the National Interschools Public Speaking League. We are also actively involved in debating.

SLAM POETRY: Ons jaarlikse Poetry Slam, wat in die derde kwartaal plaasvind, bied leerders die geleentheid om hul stories en ervarings deur oorspronklike poësie te deel. Dit is 'n kreatiewe hoogtepunt propvol emosie, drama en talent.

REDENAARS: Monties hou daarvan om hul standpunt te stel – met oortuiging! Die jaarlikse interne redenaarskompetisie was vanjaar baie gewild en het 'n hele paar nuwe deelnemers opgelewer. Die kwaliteit van hulle optredes maak ons opgewonde vir die res van die jaar se deelname. Leerders kry hierdie jaar geleentheid om aan ses eksterne kompetisies deel te neem waar hulle hul vaardighede verder kan ontwikkel en selfvertroue bou. Die Monties presteer baie goed en verskeie leerders het al gevorder tot die finale rondtes van nasionale kompetisies en selfs nasionale wenner is opgelewer.

ORATORSFEES: Ons neem jaarliks deel aan die Van Huyssteens Oratorsfees. Leerders kry geleentheid om hulle praatvermoë, sowel as algemene kennis te toets. Engelse, Afrikaanse en tweetalige toesprake word gelewer. Leerders ontvang met inskrywing 'n onderwerp en kry slegs 45 minute om 'n 3-minute toespraak voor te berei. Hierdie is nóg 'n geleentheid wat Monties kan aangryp om 'n vaardigheid aan te leer waarby hulle vir altyd sal baatvind.

KOOR: Montana Koor bestaan uit 'n groep leerders met 'n groot liefde vir dit wat die lewe 'n hartklop gee: musiek. Onder leiding van ons puik dirigent en begeleier mik ons om elke jaar hoër doelwitte te bereik. Hulle oefen hard en pligsgetrou om hierdie doelwitte te bereik. Ons neem dwarsdeur die jaar deel aan verskeie koorfeeste en kompetisies. Die koor het al 'n paar keer gespog met 'n goue toekenning by die ATKV-Applooskompetisie. Ons bied ook jaarliks ons eie Koorfees aan, waar die Montie Koor en ander skole in die omgewing die gehoor laat terugsit om die wonder van musiek saam te geniet. Tydens die tweede kwartaal word 'n kamp bygewoon, waar die nuwe lede geleentheid kry om 'n volwaardige koorlid te word. Dis 'n fees en 'n voorreg om deel te wees van die Montie Koor.

KUNSWEDSTRYDE EN EISTEDDFODS: Ons leerders neem jaarliks met groot sukses deel aan gesogte kompetisies soos die Pretoria Eisteddfod, die Noorderkruin Kunstefees en die Afrikaanse Kunsvereniging van Pretoria. Monties ryg die trofee in by hierdie kompetisies – 'n bewys van hul talent, toewyding en harde werk. Ons is uiters trots op ons kultuurleerders!

SKRYFKUNS: By Hoërskool Montana is skryfkuns meer as net woorde op papier – dit is die kuns om gevoelens, gedagtes, ideale en drome in ink te laat vloei. Dit is 'n sleutel wat die deur na 'n wêreld van kreatiewe uitdrukking oopsluit. Ons leerders kry die geleentheid om hul skryftalent in twee gesogte skryfkompetisies te slyp en te vier. Hier kan hulle hul name in verskeie bundels verewig én as volwaardige, gepubliseerde digters en kortverhaalskrywers wegstap. In 2024 het ons Monties dit weereens bewys! Die Poortkompetisie, aangebied deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, skep 'n platform vir jong digters en kortverhaalskrywers om hul talent ten toon te stel. In 2024 is twee van ons leerders se gedigte in 'n gesogte bundel gepubliseer – 'n merkwaardige prestasie! Die pad van sukses eindig nie hier nie.

Ons neem ook met trots deel aan die nasionale Ink - Skryf in Afrikaans-kompetisie, wat digters en skrywers van alle ouderdomme die kans gee om hul werk met die wêreld te deel. Ons Montie-digters het wêér uitgestaan: vier van ons digters se gedigte is in die 2024 Ink-spraakbundel opgeneem, en een talentvolle jong digter het selfs 'n tweede plek in die jeugafdeling verower! By Hoërskool Montana koester ons kreatiewe talent en moedig ons elke leerder aan om hul unieke stem deur die kuns van skryfwerk te ontdek en te slyp.

CSV: Die CSV se tema vir hierdie jaar is Monties Ignite en hulle is behoorlik aan die brand! 'n Paar baie geslaagde aksies het in die eerste kwartaal plaasgevind en die getalle wat deelneem, groei elke keer. Geleenthede word geskep waar leerders op geestelike vlak kan groei, saam gesels en inspirasie put saam met 'n geestelike

leier of groep uit die gemeenskap. Vir baie Monties is dit 'n kosbare tyd van bemoediging en saamwees. Toewydingsweek is 'n jaarlikse hoogtepunt waarin ons fokus op geestelike verdieping en geloofsbeoefening. Verder kry leerders ook elke Woensdagoggend voor skool die geleentheid om voor die saal saam te bid vir die skool, onderwysers en mede-Monties. Ons is dankbaar vir die ouergroep wat Donderdagoggende bymekaar kom om die skoolgemeenskap met gebed te ondersteun.

VOORTREKKERS: Die Voortrekkers help leerders om vaardighede te ontwikkel wat hulle nie net as individue bevoordeel nie, maar ook in die werkplek. Deur die Kultuur, Avontuur, en Natuur-benadering, bou hulle emosionele, gemeenskaps-, kommunikasie- en leierskapsvaardighede.

SOSIAAL

MONTIE-WEES IS 'N FEES!

Dit is 'n absolute fees om 'n Montie te wees! Ons bied 'n ryk en diverse sosiale omgewing waar leerders talle geleenthede kry om nuwe vriendskappe te smee, mekaar beter te leer ken en bloot net lekker saam te kuier.

Lag is die kern van ons Montie-gemeenskap – dit bring mense bymekaar, skep 'n gevoel van tuiste en verbeter almal se gemoed. Dis in ons DNA en die bloudruk van geluk – dis net wie ons is! Navorsing toon dat emosionele welstand prestasie bevorder, en daarom glo ons dat: omdat Monties gelukkig is, is hul suksesvol en blink uit op alle terreine

'n Wye verskeidenheid aktiwiteite word aangebied:

"Grade 7 learners should consider Hoërskool Montana because it offers a great environment for both education and personal growth. Here, you learn new things while having fun."
(Leano Gabara)

Inspirasie-oggend Montie-huise ouerfunksies Public Speaking MONTIE MAKIETIE Groentjekonsert SOKKIES GEESVANG KAMPE Skryfkompetisie Matriekafskied Mnr. & Mej Montie Montiepret VALENTYNSBAL REVUE

GROENTJIEKONSERT: Die Groentjekonsert is 'n viering van nuwe beginne en 'n geleentheid om skoolgees op 'n hoë noot te begin. Die graad 8-klasse hou konsert, in oorgawe en met styl! Hierdie is die oorgang na ware Montie-wees. Hierdie jaar se groentjekonsert, wat die gehoor van begin tot einde vermaak het, was weereens 'n reusesukses. Die "Turtles" het hul beste danspassies en akteursvermoe op die verhoog ten toon gestel en het op die maat van polsende musiek en flitsende ligte dit duidelik gemaak dat hulle hul hoërskoolloopbaan in Montieland op 'n hoogtepunt wil begin. Dit was een groot lekkerte om die nuwe Monties se geesdrif op die verhoog te aanskou - voorwaar 'n konsert uit die boonste rakke. Welkom Bybeez van 2025!

VALENTYNSBAL: Die Valentynsbal is een van die eerste groot sosiale hoogtepunte van die jaar. Dit is 'n spoggeleentheid waar leerders in hul mooiste uitrustings pryk en 'n aand van dans en genot ervaar. Die energieke atmosfeer word geskep deur flitsende ligte, topklas musiek en opgewonde leerders wat elke oomblik geniet. Die kaartjies wat jaarliks soos soetkoek verkoop, is 'n bewys dat hierdie 'n móet is om by te woon.

MNR. EN MEJ. MONTIE: Mnr. en Mej. Montie is jaarliks 'n spoggeleentheid waaraan die seniors van die skool deelneem. Die deelnemers oefen baie hard vir dié prestige-aand en die aanbidding beïndruk elke jaar net meer en meer. Die finaliste samel fondse in vir liefdadigheid. Mnr. en Mej. Montie moet ware ambassadeurs van die skool wees wat Hoërskool Montana se naam hoog hou en 'n voorbeeld vir ander leerders stel. Ons dagboeke is reeds gemerk en ons kan nie wag vir Donderdag 22 Mei nie. Hierdie jaar se finaliste tree op saam met die gewilde sangeres Irene-Louise van Wyk. Die MC is Angelique Gerber. Bekendes gaan as beoordelaars optree, onder andere Janey en Waney, die Protea netbalspeler Simoné Rabie, "make up artist" Fafa. Moenie hierdie jaar se glansgeleentheid misloop nie!

MONTIE-HUISE: Al die Montie-leerders en -personeel is verdeel in vier huise: Osmia, Nobilis, Carnica en Fidelis. Hierdie huise vorm saam 'n verenigde Montiekorf met 'n gesonde mededinging om gees en deelname aan te moedig. Kwartaalike kompetisies bepaal die huiswenner en bring 'n sterk gemeenskapsgevoel na vore.

INSPIRASIE-OGGEND / ANDER FUNKSIES: Ons bied gereeld 'n lekker kuier- en inspirasieoggend aan waar ma's, dogters, oumas en vriendinne heerlik kan saamkuier. Uitstallers kry ook geleentheid om hul produkte ten toon te stel. In 2023 het ons 'n "Mom's night out" met Nataniël vir mamas en dogters en Knipmesbraai vir die pa's en seuns aangebied. Vir hierdie jaar is daar weer 'n Knipmesbraai op die kalender, geskeduleer vir Saterdag, 5 Oktober.

MONTIE MAKIETIE: Na 'n lang afwesigheid van 'n musiekfees in Montieland, is die eerste Montie Makietie op Saterdag, 17 Augustus 2024 aangebied. Dit was 'n groot sukses en daar is dadelik begin met beplanning vir makietie nummer 2, wat plaasvind op Saterdag 6 September 2025. Kunstenaars wat optree: Karen Zoid Liezel Pieters, Robbie Vessels, Eloff, Rooksein en Zaan Sonnekus. Dagboek solank die datum. Montie Makietie is die fees waar JY wil wees! Kaartjies sal binnekort beskikbaar wees.

MATRIEKAFSKIED: Die matriekafskied is die spokiesaand waarna elke graad 12-leerder uitsien. Elke dogter droom al van graad 8 af oor haar pragtige rok en 'n aand om nooit te vergeet nie. Tervyl die manne netso baie daarna uitsien om mooi getooi by die matriekafskied op te daag en te spog met hul unieke voertuie wat almal se asems weg slaan. Ouers en belangstellendes kry die geleentheid om hierdie sprokie te aanskou wanneer die dames en here arriveer en die rooi tapyt

soos sterre betree. Die matriekafskied is beslis 'n funksie waarop ons baie trots is. Vanjaar se matriekafskied vind plaas op Saterdag 4 Oktober by Batterboys Montana. Dit belooft om 'n aand vol styl en glans te wees vir elke Montie.

LEIERSKAMP: Gedurende Augustus word 'n VLR-verkieping vir die graad 11-leerders gehou. Die verkose groep woon daarna 'n VLR-kamp by, waar leierskapsvaardighede ontwikkel en beplanning vir die komende jaar gedoen word. Dit is 'n waardevolle ervaring wat spanwerk en samewerking bevorder.

SOSIALE OUERFUNKSIES: By Hoërskool Montana word 'n sterk verhouding met ouers as 'n prioriteit beskou. Tydens die Graad 8-oueraand aan die begin van die jaar, asook ander spesiale geleenthede, word ouers hartlik uitgenooi vir 'n gesellige saamkuier. Hierdie informele samekomste, waaraan personeel en beheerliggaamlede ook deelneem, bied die ideale geleentheid om verhoudings te versterk - veral rondom die gesellige atmosfeer van 'n braaiveisuur.

GEESVANG: By Hoërskool Montana is geesvang nie net 'n aktiwiteit nie - dit is 'n leefstyl waar trots en tradisie ontmoet. Ons ongewone skoolgees, spanbou en trots, is sigbaar in elke aspek van ons skoollewe. Ons geesvanggeleentheid is legendaries - van energieke saamtrekke en kreatiewe tema-dae tot ons ongelooflike cheerleaders en passievolle ondersteuners wat elke wedstryd 'n fees maak! Die hoogtepunt van geesvang in 2025 was ongetwyfeld die A-bond Atletiekbyeenskoms by Pilditch, waar die trotse Monties uit volle bors ons atlete aangemoedig het. Ons het uitgestaan in ons kenmerkende GROEN, GEEL en WIT, en ons tema vir die jaar, "Montie-Marvel", het perfek uitgebeeld dat ons Monties die ware superhelde van ons skool is. Dit gaan vir ons nie net oor wenspanne nie, maar oor 'n wenmentaliteit. Ons glo dat 'n positiewe gesindheid en 'n sterk span ons skool van krag tot krag laat groei. By Montana is jy nie net 'n leerder nie - jy is deel van 'n familie. 'n Familie wat mekaar motiveer, inspireer en altyd saam vorentoe beweeg. Montana se gees brand helder - en jy kan dit vóel!

SOKKIES: Leerders geniet dit om saam met hul vriende te kuier, musiek te luister en te dans. Wat is die elemente vir 'n gelukkige hoërskoolleerder? Eerstens moet jy 'n Montie wees. Die ander elemente is sonder twyfel: musiek, dans en kuier saam met vriende - oftewel, 'n lekker skoolsokkie! Ons Montie-sokkies is gewild en bied 'n veilige, prettige atmosfeer vir al ons leerders. Slegs Montana-leerders mag dit bywoon en daar is voldoende personeeltoesig om 'n veilige gesellige atmosfeer te verseker.

MONTIEPRET: Sommige funksies en aktiwiteite word nie noodwendig elke jaar in dieselfde formaat aangebied nie. Ons pas dit aan om voorsiening te maak vir nuwe idees en om ons leerders en ouers vers en opwindende ervarings te bied. Die afgelope jare het verskeie geleenthede plaasgevind, soos Montieprettag met kaskarresies en waterpret, asook inspirerende oggende en spesiale kuieraande. Tervyl sommige gunsteling dalk terugkeer, is daar altyd ruimte vir iets nuuts en onvergeetliks op die Montie-kalender.



SPORT

Ons poog om aan leerders die beste moontlike afrigting te bied in die verskillende sportdissiplines en maak daarom gebruik van spesialis buite-afrigters in verskeie sportsoorte. Afrigting vir alle dissiplines is gratis. Ons fokus op die ontwikkeling en vorming van die leerders wat kies om hier te wees, sodat hulle beste potensiaal bereik kan word - dit natuurlik met doelgerigte, harde werk. Finansiële ondersteuning word gebied aan leerders wat op provinsiale en nasionale vlak presteer. Daar is 'n sportsoort vir elke smaak:

BERGFIETS Rolbal LANDLOOP Ruitersport TENNIS
Skaak Swem 7's Rugby TafelTennis
KRIEKET Sokker Atletiek Netbal Jukskei Fast 5 netbal RUGBY
Golf Hokkie

SPORTHOOGTEPUNTE

ATLETIEK: Hoërskool Montana is sedert 2015 'n trotse deelnemer aan die strawwe A-bond Interhoër en het in 2025 'n besonderse vyfdeplek behaal. Hierdie prestasie verseker ons plek in die A-bond vir nóg 'n jaar.

Tydens die 2025 Interhoër-byeenkoms het die Monties uitmuntend presteer met 'n totaal van 33 medaljes: 11 goud, 11 silwer en 11 brons – 'n bewys van hul harde werk en toewyding.

Ander hoogtepunte van die 2025-seisoen sluit in:

- 'n Vyfdeplek by die Noordheuwel Top 15 prestige-byeenkoms, waaraan 59 skole deelgeneem het. Monties verwerf 25 medaljes: 10 goud, 11 silwer en 4 brons.
- 'n Sesdeplek by die Curro Podium-byeenkoms waar 1 970 atlete vanuit 64 skole op uitnodiging deelgeneem het.

Ons is baie trots om te kan sê dat 19 Montie-atlete hul provinsiale kleure in 2025 verwerf het. By die SA Skole Kampioenskappe presteer ons atlete besonder goed en lewer drie SA-kampioene op, twee atlete ontvang silwer- en een 'n brons medalje. Tydens die ASA-Kampioenskappe het ons atlete weereens hul staal gewys. Die SA-Tienkampioene is 'n Montie en verder het hul vyf silwer- en een brons medalje huis toe gebring. Individuele prestasies is 'n bron van trots, maar vir die Monties is die span se diepte net so belangrik. Ons glo in 'n span waar elke atleet 'n verskil maak!

Met 'n terugblik na 2024 is ons trots om te sê dat twee van ons afrigters aan die Afrika Spele deelgeneem het. Mnr. Frikkie Pretorius, wat die Afrika-Decathlon-kampioen 2024 is, het saam met ons atlete aan die ASA-Kampioenskappe 2025 in Kaapstad gaan deelneem.

Montie-atletiek het in 2025 'n besonderse seisoen beleef, met prestasies wat ons vir jare sal onthou. Ons sien met groot opgewondenheid uit na die 2026-seisoen en verwelkom graag al ons nuwe Montie-atlete!

BERGFIETS: Fietsry bied avontuur, uitdaging en opwinding vir elke Montie wat hou van stof en spoed! In 2024 het 29 ryers aan die MTB Cycle Lab Hoërskole-reeks deelgeneem, met vyf wedrenne deur die jaar. Die seisoen het begin met 'n toer na Summer Place, en geëindig met uitsonderlike prestasies: Montana het algeheel elfde geëindig. Ons dogterspan het 'n vyfdeplek behaal (met net 7 lede) en ons seunspan veertiende. Vier dogters het vir die nasionale kampioenskappe gekwalifiseer, en een seun het 'n spesiale individuele uitnodiging ontvang.

By die nasionale kampioenskappe het Hoërskool Montana uitgestaan! Opgee is nooit 'n opsie nie! Ons kan nie die belangrikheid van spanwerk genoeg beklemtoon nie. Die totale punte wat die skool oor al vyf wedrenne opbou, bepaal die uitnodiging na die nasionale kampioenskappe. In Gauteng het die dogterspan se top 3 ryers eerste geëindig, en die seunspan se top 5 ryers het 16de geëindig. Oefening vind twee keer per week saam met afrigter Lionel van Coaches Fitness Centre plaas, en ons oefen gereeld by Die Bosveldpark. Fietsry bou karakter, spanwerk en trots – Monties gee nie maklik moed op nie!

CHEERLEADING: Ons cheerleaders laat Montana trots met hul talent en toewyding! In 2024 het agt van ons lede hul Gautengklere verwerf, vier het nasionale kleure ontvang, en twee is opgeneem in die SA-span wat Suid-Afrika in 2025 in Amerika sal verteenwoordig! Hul spanwerk, dissipline en passie dryf hulle tot uitnemendheid. Hierdie sport bied geleenthede om verder as skoolvlak te presteer – met genoeg deurstellingsvermoë kan jy selfs internasionaal meeding. By Montana is cheerleading nie net 'n sport nie, dit is 'n familie wat mekaar motiveer om altyd hoër te mik!

GOLF: Ons neem jaarliks deel aan die Presidentstrofee-kompetisie, NWU Prestige-Sportreks en Pretoria-liga. 2024 was 'n jaar van gemengde uitslae, maar ons is veral opgewonde oor ons nuwe junior spelers. Ons sien met verwagting uit na 'n sterk 2025-seisoen!

HOKKIE: Is jy gereed om jou hokkievaardighede na die volgende vlak te neem terwyl jy tonne pret ervaar? Ons skool se hokkieprogram is nie net daarop gemik om elite spelers te ontwikkel nie, maar ook om 'n lewendige gemeenskap te skep waar elke speler kan floreer! Hoekom Montana hokkie?

- **'n Pret en betrokkenheid-gedrewe omgewing;** Ons glo dat die beste leer plaasvind wanneer dit lekker is! Ons oefensessies is vol speletjies, uitdagings en spanwerk, wat elke sessie opwindend en dinamies maak. Jou kind sal elke keer uitsien om op die astro te speel!
- **Doelgerigte tegniese en taktiese onderrig;** Ons ervare afrigters bied persoonlike begeleiding, sodat elke speler die regte ondersteuning kry om hul spel te verbeter. Van die bemeestering van basiese vaardighede tot die verstaan van gevorderde strategieë – ons bied 'n volledige leerervaring vir elke vlak.
- **Karakter- en etiese ontwikkeling;** Hokkie gaan oor meer as net vaardighede – dit bou karakter. Ons beklemtoon waardes soos respek, spanwerk en sportmangees. Ons program moedig etiese spel en persoonlike integriteit aan, wat spelers help om verantwoordelike en medelydende individue te word.
- **Lewenslange verbintenis;** Deur aan ons hokkieprogram deel te neem, bou spelers vriendskappe vir 'n leeftyd. Hulle leer die waarde van kameraadskap en ondersteuning in 'n span-georiënteerde omgewing.

By Hoërskool Montana is ons trots daarop dat ons seuns- en dogtersspanne in die Northern Blues Skole Hokkie A-ligas meeding. Ons sien uit na 'n baie suksesvolle 2025-seisoen!

JUKSKEI: Jukskei is 'n snelgroeiende sport by Montana, en 2024 was die suksesvolste seisoen in ons geskiedenis! Prestasies in 2024:

- 0/16 Dogterspan – Tweedeplek in die liga
- 0/16 Gemengde span – Tweedeplek in die liga
- 0/16 Seunspan – Goud gewen deur al hul liga-wedstryde te wen!
- Een speler het die Noord-Gauteng 0/16-span gehaal en Suid-Afrika in die SA Kampioenskappe verteenwoordig; Met sulke uitsonderlike prestasies is Montana se jukskeispan gereed om in 2025 nóg hoër hoogtes te bereik!



SPORTHOOGTEPUNTE

KRIEKET: Montana se krieketprogram groei voortdurend en bied topfasiliteite, insluitend 16 krieketnette (vier binnenshuis) en vier kolflaie, wat oefening deur die hele jaar moontlik maak.

Ons speel krieket oor drie kwartale van die jaar. In die eerste kwartaal neem ons deel aan die **Finsbury Superliga B**-afdeling en speel teen top skole soos Hoërskool Waterkloof, Afrikaans Hoër Seunskool, Menlopark en Garsfontein.

Gedurende die derde kwartaal neem tien spanne deel aan die **Northerns-liga**, en ons is die enigste skool in die noorde van Pretoria waar B-spanne ook die kans kry om in die eerste en derde kwartaal te speel.

Toere:

- 0/15A- en 0/14A-spanne toer twee keer per jaar.
- Eerstespan onderneem drie toere per jaar:
 - Januarie: Paarl Boys High Festival
 - Julie: NWU Universiteitsweek
 - Shaun Pollock Festival in Durban

"Dit is 'n fantastiese voorreg om 'n Montie te wees. Jy voel regtig deel van 'n familie – saam met onderwysers en vriende, gevul met gees en trots."
(Erin Carver)

Ons spelers kry talle geleenthede om hul vaardighede te slyp – met tussen 30 en 35 wedstryde per jaar. Daarbenewens bied ons 'n toegewyde krieket-akademie vir seuns en dogters, onder leiding van bekwame afrigters, waarvan sommige betrokke is by die Titans se skolestrukture.

2024 was 'n historiese jaar! Ons eerstespan het die Noordvaal Trofee gewen en is uitgenooi om aan die gesogte Wildeklawer T20-toernooi in Kimberley deel te neem. Montana is werklik die nommer een krieket-skool in die noorde van Pretoria!

LANDLOOP: By Hoërskool Montana is landloop nie net 'n sport nie – dit is 'n familie. Hier kuier atlete, ouers en afrigters saam, deel die uitdagings van wedlope en vier die oorwinnings wanneer Montie-landlopers nuwe persoonlike beses behaal. Landloop is vir almal – ongeag jou agtergrond, liggaamsbou, vermoë of fiksheid. Die enigste vereiste? Daag op, gee jou beste en geniet elke oomblik!

Ons seisoen duur van April tot September, met die hoogtepunt: 'n opwindende oefenkamp by Zwartkloof, waar spanbou, avontuur en wildbesigtiging deel is van die ervaring.

Prestasies in 2024:

- Sewe atlete het in die top 10 van hul ouderdomsgroepe geëindig.
- Tien atlete is gekies vir die AGN-provinsiale span en het aan die ASA-Kampioenskappe deelgeneem.
- Twee atlete het medaljes verower by die ASA-Kampioenskappe – silwer en brons! Elke seisoen bring nuwe hoogtepunte, persoonlike rekords en onvergeetlike herinneringe. 2025 wag – en ons is gereed!

NETBAL: Die 2024-netbalseisoen het afgeskop met die NWU-Prestige Sportreeks, waar ons skool uitstekend gevaar het en algeheel sesde geëindig het.

Prestasiehoogtepunte:

- Eerstespan – derdeplek
- 0/14A- en tweedespan – vierdeplek

In die Jubilee A-liga het die Monties algeheel sewende geëindig, met die eerstespan vierde, 0/14A en 0/17A vyfde, en 0/16A sesde. Al hierdie spanne het vir die Tshwane Kampioenskappe gekwalifiseer.

Tshwane Kampioenskappe:

- Eerstespan – eersteplek
- 0/14A-span – tweedeplek

Hierdie prestasies het ons eerstespan en 0/14A-span 'n plek in die Gauteng Kampioenskappe besorg. Daar het ons eerstespan onder die top 10 geëindig en die 0/14A-span dertiende.

Toernooie: Ons het vir die tweede keer die 1A-Beez-toernooi vir omliggende laerskole aangebied, waar spanne van 0/9 tot 0/13 hul talente ten toon gestel het.

Monties Netbal is op 'n baie hoë standaard, en ons glo dat ons harde werk en toewyding in die 2025-seisoen tot nóg groter suksesse sal lei!

NETBAL FAST FIVE: In 2024 het die Monties vier spanne in die 0/15-liga en drie spanne in die 0/18-liga ingeskryf.

Prestasies by die Tshwane-uitspele:

- 0/18A (Queen Beez) – tweedeplek
- 0/15A (Baby Beez) – derdeplek

Hierdie uitslae het ons 0/18A (Queen Beez) en 0/15A (Baby Beez) na die Gauteng Kampioenskappe geneem. Daar het Queen Beez derde geëindig en vir die SA Kampioenskappe gekwalifiseer.

SA Kampioenskappe:

- Queen Beez het eerste in hul pool geëindig, die kwarteindstryd gewen, maar in die semi's verloor en vierde geëindig.

Montana Fast 5 gaan van krag tot krag, en ons is vasberade om in 2025 nog hoër hoogtes te bereik!

ROLBAL: Monties se rolbalspan groei jaarliks! In ons vierde seisoen het ons tweede in die A-liga geëindig en die B- en C-liga gewen. Ons oefen by Wonderboom Rolbalklub onder gekwalifiseerde afrigters, en spelers word gratis as klubdele geregistreer. Ligawedstryde vind Vrydae in Augustus plaas, waarna spelers vir die provinsiale toernooi in Maart gekies word. Vanjaar het twee spelers die BGN 0/15- en 0/18-spanne gehaal. Spelers kan ook kwalifiseer as merkers, skeidsregters en afrigters. Rolbal is 'n sport vir 'n hele leeftyd!

RUGBY: Montana is die enigste skool in die noorde van Pretoria wat in Afdeling 1 van die Noordvaal-toernooi kompeteer. Ons gee aandag aan elke seun, maak nie saak of hy in die A- of B-span speel nie. Ons het afrigters met provinsiale ervaring in beide die A- en B-spanne vir elke ouderdomsgroep.

Vanjaar neem Montana weer deel aan die Skild-afdeling in die Noordvaal-reeks, waarin nege skole meeding. Ons is baie opgewonde en sien uit na hierdie uitdaging. Montana poog om meer seuns die geleenthede te bied om hulle volle potensiaal op die rugbyveld te bereik. In 2024 het Monties se 9 spanne in 'n baie sterk groep in die kompeterende NWU-Prestigereeks deelgeneem, met opponente soos Rustenburg, Die Anker en Hugenote. Ons sien uit na die 2025-reeks, waar ons kragte gaan meet met Wesvalia, Marais Viljoen en Pietersburg.

In 2025 is die geleentheid aangegryp om met 115 seuns aan die Mega Sports Festival in George deel te neem. Ons is bevoorreg om al die A-span-afrigters te behou en nuwe B-span-afrigters aan te stel, wat fokus op die ontwikkeling van die seuns. Kondisionering is 'n baie belangrike aspek om beserings te voorkom. Mnr. Bradley Engels is voltyds aangestel as ons kondisioneringsafrigter. Ons het 'n sportfisioterapeut wat 'n praktyk by die skool het en help met die behandeling van die seuns. Ons is ook die enigste skool in die noorde wat mediese versekering vir elke speler het, sodat ouers gerus kan wees dat hulle seuns die beste mediese hulp ontvang indien daar 'n besering is.

Ons groot fokus is om ons seuns in die area te hou, sodat ouers en seuns kan sien dat hulle presies dieselfde geleenthede kry. Ons doelwit is om 'n splinternuwe, volledige gimnasium te bou sodat ons meer seuns kan akkommodeer en volle kapasiteit kan bereik. In 2024 het ons vier Blou Bul-rugbyspelers opgelewer en sien uit om jaar na jaar meer op te lewer.

RUGBY 7's: Sewe-aan-'n-kant-rugby groei jaar na jaar en raak al hoe gewilder onder die Montie-seuns. In die afgelope paar jaar is vyf seuns ingesluit in die Blou Bulle-spanne.

Ons kondisioneringsprogram begin 'n al hoe groter rol speel in ons voorbereiding vir die 7's-seisoen. Dit bied ons beslis die geleentheid om meer kompetend te wees op die rugbyveld.

Ons bied jaarliks 'n groot 7's-toernooi aan, met 'n totaal van 48 spanne. Hierdie toernooi dien vir die Blou Bulle Unie as proewe en 'n kwalifiserende rondte vir Noordvaal.

Aan die hoof van die sewe-aan-'n-kant-program staan:

- A.J. Roux (Direkteur)
- Jan Cloete (Organiseerder)
- Morné Human (Afrigter)
- Neels Kruger (Afrigter)
- Bradley Engels (Kondisioneringsafrigter)

"Hier kry elke leerder die kans om tot sy of haar beste vermoë te ontwikkel en te groei."
(Tiaan Stevens)

Ons het ook die kundigheid van afrigters JJ Mthodi (Blue Bulls 10's) en Arno Venter (Leopards 7's), wat weer deel is van die toegewyde 7's-afrigterspan.

Ons sien baie uit na die 2025-seisoen en is opgewonde om te leer uit ons sterk en swak punte van 2024. Daar is beslis die potensiaal om nog 'n Blou Bul-speler of twee op te lewer!

Dankie vir julle volgehoue ondersteuning – ons hoop om julle almal se positiewe energie weer langs die veld te hê!



RUITERSPORT: Die Perdebytyjiespan het in 2024 uit 'n totaal van 17 ruiters bestaan, wat aan verskeie SANESA-dissiplines deelgeneem het. Die Montie-ruiters was weereens distrik-wenners, sowel as wenners in ons kategorie. Sewe van ons ruiters het Gauteng Noord-kleure in die kernliga verwerf en aan die provinsiale kampioenskappe deelgeneem. In totaal het agt van ons ruiters Gautengkleure verwerf en aan die nasionale kampioenskappe deelgeneem: vyf in die kernliga en drie in die Western Mounted Games-afdeling. Die ruiters het uiters goed presteer, en ons het verskeie ruiters wat op nasionale vlak in die top 3 van hul onderskeie items geëindig het. Ons is gretig om te sien watter hoogtes ons ruiters in 2025 gaan bereik.

SAGTEBAL: Sagtebal het in 2024 baie goed presteer. Die 0/15A-span was ligawenners, en die 0/16A-span het tweede in die liga geëindig. Beide spanne, asook die eerstespan, het gekwalifiseer vir die Tshwane Kampioenskappe. Hier het die 0/15A-span algeheel tweede geëindig, terwyl die 0/16A-span en die eerstespan algeheel vierde geëindig het.

Die skool se A-spanne het algeheel derde in die liga geëindig. Die B-spanne speel in hul eie liga, waar die 0/16B-span as ligawenners gekroon is, en die 0/14B-span algeheel derde geëindig het. Dit is die tweede jaar wat ons B-spanne in al die ouderdomsgroepe het, met spelers en afrigters wat die ekstra myl loop en hul taak uitstekend uitvoer.

Me. Jackie van Wyk is weer verkies op die TSSA se raad As Ontwikkelingskoördineerder vir Hoërskole.

Die skool het ook 8 provinsiale spelers opgelewer in die 0/15- en 0/19-kategorieë, asook 2 provinsiale afrigters:

- 2 x Bluesox
- 2 x Redsox
- 2 x Whitesox
- 2 x Kgodiso
- 0/15 Kgodiso afrigter
- 0/13 Whitesox afrigter

Ons sien uit na 'n suksesvolle 2025-seisoen.

"Die oomblik wat jy Montana binnegaan, voel jy tuis. Dit is 'n huis weg van die huis af."
(Van Zyl Venter)

"Ons skool se goeie reputasie spreek vanself, en ek is ongelooflik lief vir Montana!"
(Kaylee-Jane Koen)

SKAAK: Skaak is 'n wêreld van strategie en slim denke! Die pad na die koning se ondergang is vol uitdagings en verrassings wat jy nie kan voorspel nie. Dit is nie net 'n speletjie nie; dit is 'n epiese stryd wat jou brein sal opskerp en jou sal laat voel asof jy werklik 'n meester is. Ons neem deel aan die NWU-Prestigereeks, skoleliga (individueel en span). Ons leerders kwalifiseer jaarliks om deur te gaan na die Distrikliga (individueel en span) en Gauteng (individueel). Een leerder het gekwalifiseer om deur te gaan na die nasionale toernooi. Sluit aan by ons en bemeester die spel van meesters.

SOKKER: In 2024 het ons aan die Magaliesskool Sokkerliga deelgeneem. Die 0/15- en eerstespan het gemengde sukses behaal, waar die eerstespan met 'n enkele punt die uitspele misgeloop het. Ons het in 2024 'n baie groot belangstelling gehad, en ongeveer 56 seuns het proewe bygewoon. Met nuwe doelwitte en beplanning vir 'n goeie voorseisoen, sien ons baie uit na 2025.

SWEM: By Hoërskool Montana is ons trots op ons sterk tradisie van uitnemendheid in sport, en swem is geen uitsondering nie. Ons swemprogram is ontwerp om leerders te inspireer om hul volle potensiaal te bereik, beide in die swembad en in die lewe. Met die fasiliteite en ervare afrigtingspan bied ons 'n omvattende opleidingsomgewing wat voorsiening maak vir swemmers van alle vlakke – van beginners tot elite-atlete deur die gevestigde klub by die skool. Ons is opgewonde en trots om aan te kondig dat SA Swem Hoërskool Montana gekies het vir 'n "High Performance Swimming Academy". Dit word binnekort bekendgestel.

Swem by Hoërskool Montana gaan verder as net mededingende deelname. Dit bevorder dissipline, veerkragtigheid en spanwerk, en bied swemmers waardevolle lewensvaardighede terwyl fiksheid en welstand bevorder word. Ons swemmers word aangemoedig om hul grense te verskuif, persoonlike doelwitte te stel en sukses te behaal deur toewyding en harde werk.

Die swemseisoen duur vanaf September tot Februarie. In September het ons ons jaarlikse interhuis, waar die vier huise teen mekaar kompeteer om die beste swemspan moontlik te kies.

Ons neem deel aan 'n reeks mededingende aflosgala's en vriendskaplike gala's tydens onderskeidelik die vierde en eerste kwartaal. Die hoogtepunt van die seisoen is die interhoër in Februarie, en hierdie jaar het ons vir die eerste keer deelgeneem aan die A-Bond interhoër.

Hierdie gala's, tesame met die provinsiale kampioenskappe, bied ons swemmers die geleentheid om hul vaardighede ten toon te stel en die skool met trots te verteenwoordig.

Buiten die kompetisie beklemtoon ons die vreugde van swem as 'n lewenslange vaardigheid en ontspanningsaktiwiteit, wat leerders help om 'n liefde vir die water te ontwikkel. Swemontwikkeling is vir ons belangrik, en daarom word die swemvaardighede en waterveiligheid bevorder tydens die af-seisoen. Ons bied ook jaarliks die Montana Guppy Gala vir omliggende laerskole aan, wat 'n baie opwindende geleentheid is.

Of ons nou vir podiumafwerkings mik of bloot persoonlike groei nastreef, ons swemprogram bied 'n inklusiewe en ondersteunende omgewing waar elke swemmer sy volle potensiaal kan bereik. Ons is opgewonde oor die toekoms van swem en weet dat, met elke huidige en toekomstige swemmer se entoesiasme, positiwiteit, deursettingsvermoë en goeie sportmangees, Monties Swem nuwe hoogtes gaan bereik. Sluit by ons aan om golwe in die swembad te maak!

TAFELTENNIS: Tafeltennis is een van die gewildste binnenshuise sporte by Hoërskool Montana, en leerders geniet dit terdeë. Meer as 50 leerders het in die af-seisoen aan oefensessies deelgeneem. Die span, onder leiding van mnr. Danie Olivier, 'n ervare Noord-Gauteng tafeltennisspeler, ding mee in die A- en D-ligas van die Gauteng-Noord skolereeks. Aangesien tafeltennis 'n relatiewe nuwe sportsoort is by die skool, is dit 'n groot prestasie om in die Gauteng-Noord Skoleligas te kompeteer. Ons sien uit om teen Pretoria se top-skole sterk en mededingende wedstryde te speel en is trots op die talent wat in die span ontwikkel.

TENNIS: In Montieland het ons reeds vroeg met ons tennisaktiwiteite begin. Met 'n rekordgetal spelers het ons hierdie jaar meer spanne in die liga ingeskryf. Ons oefen elke Maandagmiddag en Dinsdagoggend en die spelers se vaardighede verbeter weekliks. Spelers sien uit na die toere gedurende Augustus en Oktober. Ons sien met verwagting uit na hierdie jaar se tennisseisoen waar ons in die A-liga gaan kompeteer. Ons weet ons spanne gaan goed presteer.



VERRYKING

HOÛRSKOOL MONTANA: 'N SKOOL MET PERSPEKTIEF

Ons tema vir die jaar, **"Dis hoe jy kyk"**, herinner ons daaraan dat perspektief alles verander – **"when you change the way you look at things, the things you look at change"**. By Hoërskool Montana glo ons daaraan om 'n positiewe en ingeligte blik op opvoeding te hê. Daarom wil ons ook voornemende ouers bewus maak van die ongelooflike waarde wat ons skool bied teen bekostigbare skoolgeld. By Montana benut ons elke geleentheid om te leer, te groei en onself te ontwikkel. Ons is trots op ons leerders se uitmuntende prestasies in 'n verskeidenheid verrykende aktiwiteite.

WETENSKAP EKSPLO: Monties is innoverend en beïndruk jaarliks met hulle projekte by wetenskap-ekspo's. Hierdie platforms bevorder kreatiewe denke, bou vriendskappe en bied waardevolle blootstelling aan universiteitsvlak-navorsing. Groot pryse en selfs beursgeleenthede is op die spel.

In 2024 het agt Monties aan die Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes deelgeneem, waarvan sewe deurgedring het na die Streeks Ekspo met uitstekende prestasies:

- Matthew Pullen – Generating Electricity with a Magnetic Generator (Goud)
 - Divan Oosthuizen – Water Wheel Filtration System (Silver)
 - Kaylee-Jane Koen & Moya Wolvaardt – Borehole Hydroelectric Power Generator (Silver)
- Kaylee-Jane en Moya se projek is selfs opgemerk by die Imbewu Science Fair, wat hulle 'n plek besorg het by twee internasionale ekspo's:
- Milset Expo-Sciences Europe 2024 (15 - 20 Julie)
 - Yakutia International Science Fair 2024 (6 - 10 Julie – virtuele deelname)

Hier het hulle silwer verwerf en Suid-Afrika met trots verteenwoordig! Montana se leerders het 'n sterk geskiedenis van prestasie – in 2019 het 'n Montie 'n goue medalje gewen by die Indonesian International Invention Festival vir 'n Sunflower Solar Tracker-projek. Ons sien uit na nóg 'n jaar vol innovasie!

PRAKTIËSE WERK: Praktiese lesse bring handboeke tot lewe. Soveel as moontlik praktiese lesse word aangebied, aangesien dit leerders help om konsepte beter te verstaan en te onthou. Monties geniet hierdie interaktiewe manier van leer.

OLIMPIADES EN VASVRAKOMPETISIES: Monties is gedugte denkers en kompetierend en neem graag enige uitdaging aan waar hul vernuf getoets kan word. Ons neem deel aan verskeie olimpiades, onder andere: Natuurwetenskap-, Wiskunde-, Rekenaartoe-passings-tegnologie-, Inligtingstegnologie- en Wêreldkennis Olimpiades. Ons maak ook van enige geleentheid gebruik waar ons ons kennis in vasvrakompetisies op die proef kan stel.

BYEKORF: Montana se skoolkoerant, Die Byekorf, is 'n platform waar leerders oor skoolgebeure verslag doen en hul skryftalent slyp. Kursusse word van tyd tot tyd aangebied om leiding aan leerders te gee en hul skryfvaardighede op te skerp. Die Byekorf het in 2018 'n vyfdele behaal in die Beeld Skolekoerantkompetisie. Ons leerders se bydrae tot hierdie publikasie is iets waarop ons baie trots is.

MONTIES GEE OM: Monties glo in die transformerende krag van gemeenskapsbetrokkenheid en sosiale verantwoordelikheid. Liefdadigheidsprojekte vorm 'n hoeksteen van ons skool se etos en bied leerders die geleentheid om 'n betekenisvolle impak op ander se lewens te maak. *Monties Gee Om* dryf verskeie liefdadigheidsinisiatiwe – van fondsinsamelings tot vrywilligerswerk. Hierdeur inspireer ons deernis, empatie en 'n sin vir diens deur die jaarlikse organisering en deelname aan 'n verskeidenheid liefdadigheidsinisiatiwe. Ons glo dat elke klein daad van vriendelikheid 'n positiewe verandering kan teweegbring. Ons leerders ervaar die waarde daarvan om ander te help en leer hoe 'n klein gebaar 'n groot impak kan hê. Hulle leer die belangrikheid van sosiale verantwoordelikheid en hoe samewerking 'n beter wêreld kan skep.

"Dit maak my gelukkig om te sien hoe leerders floreer! Ek kry hier die beste onderrig by die wonderlikste onderwysers, en wanneer ons gees vang, doen ons dit met trots!"
(Mické van Rooyen)



LEERDERONDERSTEUNING

Montana bied omvattende ondersteuning om elke leerder se sukses te verseker.

JUNIOR AANLEGTOTSE & BELANGSTELLINGSVRAELISTE (graad 9) help leerders om ingeligte vakkeuses vir graad 10 te maak.

GRATIS EKSTRA KLASSE vir alle vakke word op Woensdae, of soos gereël deur vakonderwysers, aangebied.

STUDIEMETODEKLASSE help leerders om slimmer te studeer en beter voor te berei.

INTERVENSIËPROGRAMME EN WINTERSKOOL ondersteun graad 12's met hul eksamen voorbereiding.

"I am a proud Montie. When I wear my uniform, I wear it with pride. Hoërskool Montana had my back when I was giving up on myself, but because of the coaches and teachers who motivated me every day, there is nothing I want more in life than making them proud and showing them that their hard work did not go to waste."
(Shawn Moabelo)

DISSIPLINE

By Montana glo ons: **"Gedissiplineerde kinders is gelukkige kinders"**. Ons dissiplinêre beamptes en onderwysers verseker dat ons gedragskode streng, maar regverdig toegepas word. Dit skep 'n positiewe en gestruktureerde skoolomgewing.

LEIERSKAP

"Ons het 'n ongelooflike skoolgees, akademiese uitmuntendheid en 'n sterk sportkultuur."
(Carl Lamprecht)

Volwasse leierskap word deur ons Skoolbestuur, Beheerliggaam en ondersteunende komitees verseker.

VLR: Leerderleierskap kry erkenning in die VLR, met ampsdraers soos presidente, vise-presidente en komiteevoorsitters. Ons Leierinstituut lei leiers in alle grade op om verantwoordelikheid en visie te ontwikkel.

JUNIOR STADSRAAD: Een VLR-lid uit graad 10, 11 en 12 word jaarliks verkies om Montana in die Junior Stadsraad te verteenwoordig. Hulle werk saam met ander skole om projekte te loods en 'n verskil in Pretoria te maak.

"By Montana word jy deel van 'n familie wat jou ondersteun en motiveer om die beste weergawe van jouself te wees!"
(Ewald Meyer)

NUWE GRAAD 8's

'N WARM MONTANA-VERWELKOMING

'n Besige verwelkomingsprogram word in die eerste week van die skooljaar gevolg om die graad 8-leerders behoorlik tuis te laat voel in Montieland. Die senior VLR-lede bestuur die program, wat op geen manier vernederend of afbrekend is nie. Die graad 8's geniet hierdie week terdeë! Die program sluit onder andere die volgende in:

- Die eerste dag in Montieland met laerskoolklere. Die VLR bepaal die ander "bybehore" en voorkomsinstruksies.
- "Laerskoolstof" word gedurende die week afgespeel.
- 'n Graad 8-inligtingsboekie.
- Graad 8-atletiekbyeenskoms.
- Graad 8-swemgala.
- Graad 8-spanbou.
- Graad 8-oueraand en sosiale funksie.
- Groentjekonsert
- Kloksereemonie

"Graad 7's moet beslis Montana kies! Hier maak jy nuwe vriende, kry jy talle geleenthede en kan jy op soveel maniere deelneem. Hoërskool Montana bied 'n gebalanseerde omgewing vir sport, akademie en kultuur – 'n plek waar almal kan skitter!"
(Mia Zandberg)

Eers na afloop van die groentjekonsert mag leerders hulle volwaardige, amptelike Montana-skooldrag dra, en die laerskoolkouse, wat tot dan deel van hul skooldrag was, kan weggegooi word. In 2024 is 'n pragtige nuwe tradisie geskep. Na afloop van die groentjekonsert lui die graad 8's die klok by die splinternuwe Montie-pharus (Montie-baken), as amptelike Monties – die begin van hul hoërskoolloopbaan. Aan die einde van hul matriekjaar sal hulle weer die geleentheid kry om die klok te lui om die einde van hul hoërskoolloopbaan te simboliseer.

Nou is die nuwe graad 8's volwaardige Monties wat gereed is om die akademie, sport en kultuur met ywer aan te pak. Elke graad 8-leerder ontvang 'n gratis Montie-hemp van die Beheerliggaam. By Montana begin 'n hoërskoolloopbaan met trots, opwindning en 'n gevoel van behoort!

Dis L-E-K-K-E-R om 'n Montie te wees!



OUERBETROKKENHEID

Ons waardeer ons ouers se betrokkenheid en moedig hulle aan om deel te wees van ons **Beheerliggaamkomitees**. Hierdie komitees dra by tot 'n goedgeorganiseerde en suksesvolle skoolgemeenskap.

BEHEERLIGGAAMKOMITEES EN HUL WERKSAAMHEDE:

FINANSIES & DEBITEURE	Verseker gesonde finansiële bestuur.
TERREIN EN INFRASTRUKTUUR	Bestuur instandhouding en ontwikkeling.
SPORTONTWIKKELING	Fokus op groei en sukses in sport.
KULTUURONTWIKKELING	Bevorder kulturele aktiwiteite en talent.
SOSIAAL & OUERSKAKEL	Bou 'n sterk skoolgemeenskap.
DISSIPLINE	Verseker 'n regverdige en effektiewe dissiplinêre sisteem.
BEMARKING & BEELDBOU	Bou en bevorder Montana se reputasie, en fondsinsameling.
UITGEKONTRAKTEERDE DIENSTE	Bestuur eksterne diensverskaffers.
REGSAKE	Hanteer regsverwante skoolaangeleenthede.

Ons glo: 'n Betrokke ouer is 'n trotse ouer!

By Hoërskool Montana kry jy meer as 'n skool - jy kry 'n tweede huis.

"I feel grateful to be part of a community that values kindness. I am proud of the person I am becoming and the skills I'm developing. Being a Montie means being part of a family that supports and encourages me to be my best self, and I feel honored to be part of it."
(Sinalo Tanda)

"Hoërskool Montana is 'n wonderlike skool, nie net op sportgebied nie, maar ook in gees. Die skool het 'n ongelooflike "vibe"!"
(Mieke Kapp)

"Montana voel soos my tweede huis. Die ondersteunende omgewing laat my aanvaar en waardeer voel."
(Agang Makwalo)



KONTAKBESONDERHEDE

Hoërskool Montana
h/v Dr. Swanepoel- en Sessdeweg
Montana

Posbus 151, Montana 0151

Tel: 012 548 0160



/hsmontana pta amptelik
/hsmontanaoudmonties

www.hsmontana.co.za

Het jy gewet?

Al ons jaarblaaie is elektronies op ons webblad beskikbaar (onder PUBLIKASIES)

"Hoërskool Montana is a school with a high and reputable reputation. It is an honor to be part of such a learning environment and to be able to call myself a Montie."
(Reatlegile Modise)

"Absoluut! Ons Monties is een groot familie wat na mekaar omsien en ondersteun. Ons handhaaf hoë standaarde in akademie en sport en is passievol oor ons Christenskap. Montana bied moderne geriewe en uitstekende onderwysers met 'n liefde vir hul vakke en vir die leerders. Dit is 'n skool wat jou toekoms help bou."
(Erik Kotzé)